NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 29 JULIE 2004 TE PE-HOOGLAND GEMEENTE, CHARLO, PORT ELIZABETH

1. OPENING

1.1 Die vergadering word deur die voorsitter, ds EGJ de G Schutte, geopen.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds CH van Heerden – DL Finansies
Ds DF Oelofse (sekundus)

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening
Ds WP Petzer – DL Jeug
Mev L Steyn – DL Vrouebediening
Ds BIC Steyn - Ad Hoc Projekbestuurder - Begeleidings-Netwerk

2.4 Verskonings

Ds MF Steyn
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis
Dr JP Cloete – DL LAS
Prof PJ Naudé - Ad Hoc Projekbestuurder - Netwerk vir Navorsing (verskoning)

2.5 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die volgende sake word by die sakelys gevoeg:

7.2 Verslag van die Deskundige Lid vir Barmhartigheid - Bylaag P

15.1 Verslag van die Deskundige Lid vir Vrouelidmate - Bylaag Q

15.2 Ringsprojek Vrouediens

18.1 Bevoegdheidsregister

18.2 Skrywe aan ringe

18.3 Vorm A

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

4.1 SK-Dagbestuur 2004-04-15 Bylaag A

4.1.1 Besluit: Goedgekeur

4.2 SK 2004-05-13 Bylaag B

4.2.1 Besluit: Die notule word goedgekeur met die byvoeging van 'n nuwe paragraaf, pt 19.1.4, wat lui:

19.1.4 Situasie rondom finansies

19.1.4.1 Besluit: Die SK gee opdrag dat die dagbestuur 'n ad hoc kommissie saamstel om die huidige situasie rondom die finansies te ondersoek in die lig van die inkomste van die sinode teenoor uitgawes.

5. SAKE UIT DIE NOTULES

5.1 SK Dagbest 2003-04-15 Bylaag A

5.1.1 Streekskonvent 2004 (pt 5.1.2.1)

5.1.1.1 Besluit:

1. Die vergadering keur die beginsel van 'n streekkonvent / konvente in groeperinge van ringe goed as byeenkom(ste) waarin die Oos-Kaapse gemeentes almal verteenwoordig moet word. Ringe word versoek om hiervoor te begroot met die oog op projekaansoeke vir die 2005/06 finansiële jaar.

2. Die moderatuur tree as taakspan vir die reëling van die Streekkonvent(e) op, met die reg van koöpsie.

3. Die bedoeling is om sover moontlik inklusief te wees en ook die RCA en NGKA te betrek.

5.1.2 Patmos (pt 5.1.6)

5.1.2.1 Skrywe aan Patmos dd 2004-05-24 Bylaag C

5.1.2.1.1 Besluit: Kennis geneem van Bylaag C.

5.1.2.2 Skrywe van Patmos dd 2004-07-05 Bylaag D

5.1.2.2.1 Besluit:

1. 'n Afskrif van Patmos se skrywe (Bylaag D) word aan die Ring van Algoa gestuur met die versoek dat die ring punt 1 daarvan (die opmerking dat Patmos op hierdie stadium nie deel van die verband in Oos-Kaapland is nie) op kerklike wyse hanteer.

2. Die SK-Dagbestuur formuleer 'n respons op Patmos se studiestuk soos versoek in punt 2 (sien pt 5.1.2.4 hieronder).

3. Die Skriba stel 'n inligtingstuk saam om die verloop van die gesprek tussen Patmos en die verskillende sinodale strukture sedert die Spesiale Sinode van 2002 uit te spel. Dit word aan al die gemeentes in Oos-Kaapland gestuur.

4. Die sinodale besluit oor simbole en rituele (A2.6.2), Patmos se respons daarop , en die antwoord van die Dagbestuur (vgl pt 5.1.2.4) word na die NN vir verdere navorsing verwys. Patmos word genooi om twee verteenwoordigers te benoem om saam met lede van NN verdere navorsing oor hierdie saak te doen.

5.1.2.3 Skrywe van Patmos aan leraars in Oos-Kaapland dd Junie 2004 Bylaag E

5.1.2.3.1 Besluit: Kennis geneem

5.1.2.4 Kommentaar op Patmos-gemeente se Studiestuk oor Simbole en Rituele Bylaag F Bylaag F.1

5.1.2.4.1 Besluit:

1. Bylae F en F.1 word saamgevoeg tot een dokument en as reaksie op Patmos se Studiestuk oor Simbole en Rituele aan die gemeente gestuur.

2. Hierdie antwoord word ook aan alle gemeentes / leraars in Oos-Kaapland gestuur.

3. Die SK-Dagbestuur wys op die kerklike weg (volgens die Kerkorde) om verskille van hierdie aard by sinodale vergaderings en -kommissies te bespreek. Die uitruil van skrywes is 'n buitengewone styl van kommunikasie en ook nie bevredigend nie.

4. Die SK-Dagbestuur dring daarop aan dat die SK-verteenwoordigers die kerkraad van Patmos persoonlik ontmoet.

5.1.3 Skrywe Ring van Cradock: Aanpassing van die Kerkorde (pt 5.1.8)

5.1.3.1 Die saak is na BNet en NN verwys. Dit staan oor.

5.1.4 Uitnodiging: Emeriti-Vereniging (pt 5.1.9)

5.1.4.1 Die bestuur van die emeriti-vereniging kon weens ds Van Taak se teenwoordigheid vandag by 'n werksessie van die Welsynswerkgewersvereniging nie hierdie vergadering bywoon nie, en word na 'n volgende dagbestuursvergadering genooi.

5.1.5 Hulp aan die kerk in Zimbabwe (pt 5.1.15)

5.1.5.1 Die ASK het versoek dat die Oos-Kaap R60,000 in hierdie boekjaar bydra vir die kerk in Zimbabwe. Gemeentes is versoek om 'n Spesiale Kollekte hiervoor op te neem, en 'n bedrag van R42,393.61 is tot op datum ontvang.

5.1.6 Inligting CD Sinode 2003 (pt 5.1.22)

5.1.6.1 Die CD is saamgestel en word aan ringskribas versend.

5.1.7 Versoek Voorsitter ASK : Ontbyt met meningsvormende lidmate (pt 18.1)

5.1.7.1 Die reëlingskomitee, bestaande uit die skriba, DA, en di Rethie van Niekerk en Christo van Heerden, het ontmoet om reëlings te tref. Op hierdie stadium is dr Burger nie gereed om 'n datum vir die ontbyt te gee nie.

5.1.7.2 Besluit: Die reëlings staan oor totdat 'n datum ontvang is.

5.2 SK 2004-05-13 Bylaag B

5.2.1 Koste: Afvaardiging na die Algemene Sinode 2004 (pt 6.3.3) Bylaag G

5.2.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Afvaardiging na die Algemene Sinode Oktober 2004 - dd 24 Mei 2004).

5.2.1.2: Besluit: Bylaag G word goedgekeur met dien verstande dat die DA die Algemene Sinode bywoon as lid met waarnemerstatus. Hierdie koste word gedek uit besparings op die begroting vir administrasie. Die afvaardiging bestaan dus uit 'n totaal van 35 persone.

5.2.2 Ad Hoc Kommissie: Huidige situasie rondom finansies (19.1.4)

5.2.2.1 Besluit: Die ad hoc kommissie (met opdrag om die huidige situasie rondom die finansies te ondersoek in die lig van die inkomste van die sinode teenoor uitgawes) word uit die volgende persone saamgestel: ds Deon Oelofse (sameroeper), DA en DL Finansies.

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 Notule BNet 2004-06-28 Bylaag H

6.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag H (Notule van BNet - dd 28 Junie 2004) en neem die volgende besluite:

6.1.1.1 Kennis geneem van pte 1 - 11.

6.1.1.2 Punt 7e (Beroepsontwikkeling) word

goedgekeur.

7. DIENS VAN BARMHARTIGHEID

7.1 Fondse Vigsforum Bylaag I

7.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag I (Fondse vir Vigsforum - dd 15 Junie 2004) en neem die volgende besluite:

7.1.1.1 Die DL Barmhartigheid sal die Vigsforum op die begroting vir die volgende finansiële jaar plaas.

7.1.1.2 Kennis word geneem dat daar reeds twee vergaderings was wat gewoonlik 1 dag duur, en in Gauteng plaasvind.

7.2 Verslag DL Barmhartigheid Bylaag P

7.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag P (Verslag van die DL Barmhartigheid - ongedateerd) en **neem kennis daarvan in geheel**.

7.2.1.1 Navraag oor die barmhartigheidswerk binne gemeentegrense sal herhaal word.

8. EKUMENE

Geen verslag.

9. GEMEENTEBEDIENING

Geen verslag.

10. GETUIENIS

Geen verslag.

11. JEUG

Geen verslag.

12. KOMMUNIKASIE

12.1 OosKaap eNuus

12.1.1 Die DA rapporteer dat die OosKaap eNuus volgens sy waarneming van krag tot krag gaan. Dit word wyd gelees en ook goed gebruik, onder andere in gemeenteblaaie. Die vergadering bedank die skriba.

12.2 Webblad

12.2.1 Die DA meld dat Microsoft Frontpage 2003 vir gebruik deur die skriba aangeskaf is om die sinodale webblad saam te stel.

12.3 Sinodale Koerant

12.3.1 Die skriba rapporteer dat verskillende moontlikhede en vennootskappe nog ondersoek word.

13. LEER EN AKTUELE SAKE

Geen verslag

14. NETWERK VIR NAVORSING

Geen verslag

15. VROUELIDMATE

15.1 Verslag DL Vrouebediening Bylaag Q

15.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag Q (Verslag Predikantsvroue D-Tox – ongedateerd) en neem met dank aan die DL kennis van die verslag in sy geheel.

15.2 Ringsprojek Vrouediens

15.2.1 Fondse is bewillig vir twee projekte vir die Vrouediens: Opleiding van Predikantsvroue en die mobilisering van ringe rondom die Vrouebediening. Die DL doen verslag dat laasgenoemde projek oorstaan tot die volgende finansiële jaar.

15.2.2 Die rekening vir laasgenoemde sal dus aan die einde van die jaar ‘n surplus toon, en ‘n nuwe Projekaansoek sal ingedien word vir die volgende finansiële jaar.

16. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

16.1 Koste: Spesiale SK Vergadering van 2004-07-29

16.1.1 Die koste sal volgens die DA na verwagting ongeveer R12,000 beloop.

16.1.2 Besluit: Die koste word verhaal uit die begroting vir Sinodale Kommunikasie.

16.2 Koste: UK Konvent vir Eenheid

16.2.1 Die DA rapporteer dat die begroting vir die Konvent en die UK van die Konvent uitgeput is.

16.2.2 Die UK Konvent vir 30 Julie 2004 kan nie op die betrokke begrotingspos bekostig word nie.

16.2.3 Besluit: Die dagbestuur versoek die VGK- en NGK-vennote dat die beginsel van egalisering van toepassing gemaak word op die vergaderings van die UK van die Konvent.

17. KORRESPONDENSIE

17.1 Die Jesusprojek Bylaag J

17.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag J (thenameofgod.com – ongedateerd).

17.1.2 Besluit: Die Jesus Projek se oogmerke word ondersteun, maar nie die spesifieke strategie van ‘n verbruikersboikot nie. Die

skriba en ds Rethie van Niekerk sal namens die kommissie 'n skrywe aan ds Jannie Pelser te rig.

17.2 Versoek: Deposito Borgskap Agenda-span Algemene Sinode Bylaag K

17.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag K (Skrywe Skriba ASK - dd 24 Junie 2004).

17.2.2 Kennis geneem dat die deposito ten opsigte van die verblyf ten bedrae van R45,000 reeds betaal is.

17.2.3 Die versoek om lede van die Agenda-span se kostes te dra, word afgekeur. Die sinode beskik nie oor die fondse om hiermee behulpsaam te wees nie.

17.3 Teenwoordigheid van jongmense by die Algemene Sinode Bylaag L

17.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag L (Skrywe van dr L Dressel - dd 7 Julie 2004).

17.3.2 Besluit: die skriba versoek gemeentes en ringe om jongmense op eie koste na die jeugprogram van die komende Algemene Sinode af te vaardig. Die eerste tien jong-mense kwalifiseer om te gaan.

17.3.3 Praktiese reëlings: Die name word deurgegee aan die DL Jeug, ds Willem Petzer, wat ook die vervoer sal reël. Koste word beraam op R375 per persoon per dag. Tjeks word uitgemaak aan die NG Kerk in Oos-Kaapland en aan die sinodale kantoor gepos.

17.4 Coega Bylaag M

17.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag M (Coega-bediening - dd 5 Junie 2004).

17.4.2 Besluit: Aanbeveel dat die betrokke ring/e oorweeg om 'n ringsprojek hiervoor in te dien.

17.5 Kollekte tydens Nagmaal - Sinode 2003 Bylaag N

17.5.1 Die vergadering bespreek Bylaag N (Kollekte opgeneem tydens sinodesitting - dd 27 Junie 2004).

17.5.2 Besluit: Die kollekte word vir die Vigs-forum aangewend.

17.6 Oorhandiging Kerkgebou VGK Hofmeyr Bylaag O en O.1

17.6.1 Die vergadering Bespreek Bylaag O (Kerkgebou Hofmeyr - dd 7 Maart 2004) en Bylaag O.1 (Skrywe van skriba - dd 10 Junie 2004).

17.6.2 Besluit: Die saak staan oor totdat meer inligting beskikbaar is.

18. ANDER SAKE

18.1 Bevoegdheidsregister

18.1.1 Navraag word gedoen oor Reglement AS3 pt 11.3 wat handel oor die jaarlikse aansoek om bedieningsbevoegdheid. Daar is onsekerheid oor die toepassing van hierdie reëling.

18.1.2 Besluit: Die aktuarius sal navraag doen, 'n prosedurereëling tref en die inligting aan die skriba vir kommunikasie deurgee.

18.2 Skrywe aan ringe

18.2.1 Besluit dat die skriba 'n skrywe aan die ringe rig waarin hulle versoek word om projek-voorstelle vir die volgende finansiële jaar voor te berei en voor te lê, en waarin ander sake van belang uit die SK gekommunikeer word.

18.3 Vorm A

18.3.1 Die hersiening van Vorm A is na die DA verwys. Die Deskundige Lede moet aandui welke inligting hulle via Vorm A wil bekom.

19. VOLGENDE VERGADERINGS

19.1 SK-Dagbestuur - 28 Oktober 2004

19.2 Sinodale Kommissie - 25 November 2004

20. AFSLUITING

Me Tish Steyn sluit die vergadering met gebed af.